

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 18-2:5 (36:5)**

- 5 Deur Gods genade in Christus ryk, / was hulle aan sy beeld gelyk:  
geen valse skyn het hul verblind, / geen leu'n is in hul mond gevind,  
geen letsel het húl aangekleef, / wat nou by God in reinheid leef.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 68:1, 2 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneeding hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

## Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet antwoord ons die Here met Psalm 81:10, 12 (p. 412).*

Wet

## Psalm 81:10, 12 (p. 412)

- 10 Onder jul mag geen / afgodsbeeld verrys nie: / Ek is God alleen!  
Jul mag god of heer / wat die nasies eer, / met geen lofstem prys nie.
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:  
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smEEK / mild'lik en oorvloedig.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

**Amen.**

## Psalm 97:4 (p. 485)

- 4 Beskaamd word alle siel / wat voor die beelde kniel, / met lofwoord en gebede / gerig tot nietighede.  
Hoog bo hul sit die HEER; / Hy's God, en niemand meer!  
Hul buig hul, diep en stom, / die ganse godedom, / voor God se grootheid neer.

Skriflesing: Eksodus 32

Teks: Eksodus 32:30

**En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Julle het 'n groot sonde  
begaan; maar nou sal ek na die HERE opklim: miskien kan ek vir julle sonde  
versoening doen. (Eksodus 32:20 AFR1953)**

**...miskien kan ek vir julle sonde versoening doen.**

- Hoe goed moet 'n mens wees om regtig die druk van eer wat na jou kant toe kom, te kan weerstaan? Soos wat Moses hier oorgekom het dat hy by die Here die eer as die nuwe uitverkorene kan ontvang ten koste van die hele res van die volk?
- En daarmee saam:
  - Hoe goed moet iemand wees om nie net die aanbod van groot eer te weerstaan nie,
  - maar ook nog mense aanhoudend van harte lief te hê wat jou en God baie sleg behandel?

In dié gedeelte is Moses 'n middelaar – hy is iets van 'n voorspel van die middelaarswerk wat die Here Jesus ter wille van ons gedoen het.

1. **Ons kyk eerste na die volk in hulle sondes.**
2. **Daarna kyk ons na die middelaarswerk van Moses.**

### 1. **Ons kyk eerste na die volk in hulle sondes.**

Na die gesprek met die Here het Moses van die berg afgeklim. In sy hand was die twee tafels van getuienis (dis die twee klipplaatjies waarop die Tien Gebooie neergeskryf was).

Josua was saam met Moses (Eksodus 24:13) – maar blykbaar het hy op 'n punt laer teen die berg vir Moses gewag.

- Hy hoor die gejuig van die volk – en hy dink dis waarskynlik 'n oorlogsgeraas.
- Moses weet van beter, want die Here het al klaar vir hom vertel wat daar onder in die laer aan die gang was!

Toe hulle in die laer aankom, sien Moses toe self waarvan die Here daar bo-op die berg gepraat het.

- Hy sien die goue kalf en die koordanse.
- Hy was baie kwaad daarvoor en hy vergruis die twee kliptafels.

**En toe hy naby die laer kom en die kalf en koordanse sien, het die toorn van Moses ontvlam, en hy het die tafels uit sy hande gegooi en hulle onder aan die berg verbrysel.** (Eksodus 32:19 AFR1953)

Wat was alles verkeerd? Die antwoord was dat daar niks reg was nie!

- In die eerste plek was Aäron veronderstel om die volk op die regte pad te hou – maar hy het nie.
- Luister hoe flou sy verskoning was: Alles is skuldverplasing. Daarmee kom mens nie ver as jy voor God se oordeel staan nie.

**En Moses het vir Aäron gesê: Wat het hierdie volk jou gedoen, dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het? Toe antwoord Aäron: Laat die toorn van my heer nie ontvlam nie. U self ken die volk, dat hulle deur en deur sleg is. Hulle het dan aan my gesê: Maak vir ons gode wat voor ons uit trek, want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie. Daarop het ek hulle geantwoord: Wie goud het, laat dié dit afruk! En hulle het dit aan my gegee. En ek het dit in die vuur gegooi, en hierdie kalf het daaruit gekom.** (Eksodus 32:21-24 AFR1953)

Aäron is die willose werktuig in die duiwel se hand wat die volk se aanbidding van die Here af wegskuif na afgodsdienste toe:

**...hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle 'n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.** (Eksodus 32:8 AFR1953).

Daarna kyk Moses verder.

- Hy let op dat die hele gedoente rondom die goue kalf alles behalwe aanbidding was!
- Dit was 'n afgodiese gesingery, brassery en 'n gehoerery! Ons lees dit in die Nuwe Testament:

**En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie,... (1 Korintiërs 10:7, 8 AFR1953)**

Hy sien toe juis al die dinge waarvan die Here hom op die berg af vertel het!

- Die Here laat Moses ook sien hoe die ander mense die kerk van die Here sien wanneer die kerk verdwaal!

**Toe Moses sien dat die volk bandeloos was – want Aäron het hulle bandeloos laat word tot leedvermaak onder hulle teëstanders – (Eksodus 32:25 AFR1953)**

Wie is die teëstanders?

- Die teëstanders is waarskynlik die heidene wat die Israeliete uitgelag het omdat dié altyd vir hulle vertel het dat hulle bandeloosheid sonde is – en hier staan en doen hulle dit nou self!
- Dit is ook moontlik dat dit die ware gelowiges onder die klomp was wat nie saamgestem het met die dinge wat Aäron en die volk aangevang het nie.

Waarom het die Here die sonde met Aäron en die volk toegelaat?

- Die Here het dit toegelaat omdat Hy wou hê dat die volk eerstehands moes leer hoe hy voel oor die oortreding van die eerste en die tweede gebod – dis nou die gebod op suiwer erediens en die verbod op afbeelding van die Here en afgodsdien.

Hulle moes ook eiehandig die Here se straf oor hulle voel.

- Dit was die Here op die berg vir Moses gesê het, dit doen die Here nou!
- Moses is die instrument wat sy straf moet uitvoer.

Moses het 'n aantal Leviete aangesê om die swaard te vat en 'n klomp mense dood te maak.

- Die Ou Testament sê daar het daardie dag drieduisend mense gesterf.
- Die Nuwe Testament sê weer dit was drie en twintig duisend.

Die bedoeling is om te sê dat die Here se straf baie, baie ernstig is!

## 2. Nou kyk ons na die middelaarswerk van Moses

Die oomblik toe die straf afgehandel was, het Moses se priesterlike geaardheid weer die bo-toon gevoer.

- Hy wil weer teen die berg opklim en by die Here gaan smee.
- Miskien kan ek vir julle sondes versoening doen, sê hy.
- Miskien!

Hy gebruik hierdie woord, want hy is so pas daar bo-op die berg deur hierdie proses met die Here!

- In sy mensheid wil hy met die Here onderhandel!
- Hy wil vir die Here gaan sê dat die Here hom wat Moses is maar uit sy boek wat Hy geskryf het, kan uitdelg as dit nie anders kan nie.

Die punt is dat Moses – toe hy van die Here af weg is teen die berg af – dit so verstaan het dat die vernietigingsoordeel van die Here oor die volk nog steeds staan na sy eerste gepleit om genade.

Wie die Bybel hier fyn lees, kom agter dat onderhandeling (“bargaining”) die een ding is wat jy nie met die Here kan doen nie! Die Here gaan nie eers in op Moses se voorstelle nie!

Kyk hoe verloop hierdie gepleit van Moses.

Toe hy die vorige keer op die berg was en die volk met hulle afgoderysondes besig was, het die Here vir Moses vertel wat daar onder in die laer aan die gang was.

Daar op die berg het die Here vir Moses gesê:

**Gaan heen, klim af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het verderflik gehandel.** (Eksodus 32:7 AFR1953)

Let op die woorde: **...want jou volk wat jy...**

Die Here benoem Moses dus as die bevryder van die volk – hy is die een wat as mens die bevrydingswerk gedoen het.

*Daar is Skrifverklaarders wat meen dat die Here so kwaad is omdat die volk Hom verlaat en 'n goue beeld van 'n kalf hulle God gemaak het, dat Hy hulle nie meer sy volk wil noem nie. – Moses kan hulle nou maar kry!*

Die Here bied ook aan dat Hy die hele volk gaan vernietig en reg van voor af begin met Moses!

- Moses word as middelaar hier voor 'n baie groot versoeking gestel:
  - Hy kry al die eer wat daar is en hy is ook sommer van die morrende volk daar onder ontslae!
  - Wat 'n vooruitsig en ere-aanbod!

Dis eienaardig dat die duiwel met 'n baie soortgelyke soort van aanbod na die Here Jesus toe gekom het toe die Here Jesus na sy doop versoek is.

- Die duiwel het vir die Here Jesus al die koninkryke van die wêreld in 'n oogwink gewys en toe die opmerking gemaak dat hy dit alles vir die Here Jesus sou gee as Hy bereid sou wees om hom wat die duiwel is, te aanbid!
- Uiteraard het die Here Jesus hierdie aanbod van die duiwel van die hand gewys, want Hy wou deur sy lyding aan die kruis verlossing bemiddel vir die aarde en die uitverkorenes daarop.

Gelukkig val Moses ook nie vir hierdie *voorstel* van die Here nie.

- Daarmee openbaar die Here dat Moses nie 'n soeker van sy eie eer was nie.
- Hy verstaan sy roeping as tussenganger tussen die Here en die volk.
- Hy is geroep as hulle pleitbesorger en leier – en dit is al wat hy wil wees.
- Daarom tree hy sommer dadelik vir hulle in op die berg – hy pleit vir die volk by die Here.

Wat egter waar is, is dat die Here Moses summier afstuur na die volk toe sodat hy weer kan gaan orde skep!

- Dis ook waarom hy die Leviëte beveel het om die sondaars dood te slaan met die swaard! Hy doen dit juis met die Here se gesag! (Waarskynlik is net die voorbokke doodgemaak! Daarom maak hulle net drieduisend dood, terwyl feitlik die hele volk aan die dans was!)
- Daarna breek hy die twee klipskywe waarop die Here die Wet geskryf gehad het ook daarvoor hulle oë stukkend.

Hierdie vernietiging van die twee klipskywe wat die Here gegee het, waarop die Tien Gebooe geskryf was, was 'n simboliese daad.

- Daarom het die Here Moses ook nie gestraf omdat hy die twee tafels gebreek het nie!
- Die gouekalf-sonde het ook gebeur kort na die sluiting van die verbond. (Hoofstuk 19-24)

Dis natuurlik so dat die kerk soms geneig is om vinnig die spoor te kan verloor. In die Nuwe Testament het ons in Galasiërs 1:6 ook 'n verwysing na iets soortgelyks:

**Ek wonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai.** (Galasiërs 1:6, 7 AFR1953)

- Wat Moses se **gesindheid betref, is hy geskik om 'n middelaar te wees** – hy is offervaardig en hy is bereid om vir die volk te pleit en om selfs hulle sondes op hom te laat wreek as die Here hom wil uitdelg om die volk te spaar.
- Maar **wat sy persoon betref, is Moses heeltemal ongeskik en onbekwaam om 'n middelaar te wees**, want sy insig skiet tekort en sy onderhandelinge raak net die menslike welsyn – hy kom nie by die volmaakte wil en eer van God uit nie.

Moses se *miskien* het toe nie uitgewerk nie. Maar die Here het self voorsien.

- Hy het vir Moses gesê dat 'n engel voor die volk sal uittrek en Moses en die volk lei!
- Hierdie engel was nie die Engel van die Here nie. Dit was 'n engel wat by die Here die opdrag gekry het om saam te trek met Israel.

Presies daar val die hele verskil tussen ons Middelaar en die middelaar van Israel baie sterk op.

- Ons Middelaar het nie na die troon van God toe gegaan met allerhande slimpraatjies en aanbiedinge soos Moses nie.
- Hy het ook nie 'n engel nodig gehad om sy werk vir hom te doen nie.
- Ons Middelaar is die Engel van die Here – Hy is niemand anders nie as die Here self.

Ons Middelaar het ons liggaamlik in ons sondes tegemoetgekom toe Hy as mens gebore is en toe Hy as mens God se volle straf vir al ons sondes gedra het.

- Moses se swakheid en tekortkominge kom al daarin uit dat hy net vir die volk probeer versoening bewerk vir die eerste twee gebooie – wat hy toe nie kon doen nie!
- Ons Verlosser het vir ons oortredinge teen alle wette wat op al twee tafels geskryf staan vir alle uitverkorenes versoening gedoen.

Hy is ook nie soos Moses terug teen die berg op nie. Hy vaar hemel toe.

- Hy bestyg sy troon as ewige Oorwinnaar.
- Daar bepleit Hy ons versondevergifnis op sterkte daarvan dat sy bloed alle straf reeds gedra het en ook alle versoening reeds voorsien het.

Kom ons leef die Here in volle blydschap tegemoet.

- Laat ons lewens daagliks getuig van ons lof en aanbidding aan die Here – en aan Hom alleen.
- Ons leef belydend dat ons net een God ken – die enigste en enige God: Vader, Seun en Heilige Gees – soos Hy Hom in sy Woord aan ons openbaar.
- Ons waak skerp teen enige vorm van geloofsafval of geloofsverbuiging – totdat die Here kom.

**Amen**

Slotgebed

Slotpsalm 25:2, 3 (p 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriend'like<sup>oë</sup> / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 16 Januarie 2011